Navrae
Enquiries
IMibuzo MEV MHW ENGELBRECHT

Telefoon
Telephone
IFoni 403-6911

Faks
Fax
IFeksi 419-5967

Verwysing
Reference
ISalathiso 7/4/B

PROVINSIALE ADMINISTRASIE WES-KAAP
**Onderwysdepartement**
PROVINCIAL ADMINISTRATION WESTERN CAPE
**Education Department**
ULAWULO LWEPHONDO LENTSHONA KOLONI
**ISebe leMfundo**

AAN:

ALLE HOOFDIREKEURE,
DIREKTEURE, AREA- EN
KRINGBESTUURDERS, VAK-
ADVISEURS EN HOOFDE VAN
ALLE ONDERWYSINRIGTINGS

OMSENDBRIEF 0009/99

**OORPLASING VAN AKTUARIëLE BELANG NA GOEDGEKEURDE PENSIOENFONDSE**

Die wysiging van Reël 14.4 van die Reëls van die Regeringswerknemerspensioenfonds (RWPF) gedateer 11 April 1997 maak voorsiening vir die oorplasing van 'n lid se aktuariële belang na 'n goedgekeurde pensioenfonds by bedanking.

Dit het egter onder die aandag gekom dat lede van die RWPF swak ingelig en geadviseer word deur hul makelaars en finansiële adviseurs wanneer die aktuariële belang bereken of wanneer 'n pensioenfonds gekies word om die fondse oor te plaas.

Die Departement van Finansies : Pensioene-Administrasie het vele versoeke ontvang van lede wat verkies het om op advies van hul adviseurs hul aktuariële belang na goedgekeurde pensioenfondse oor te plaas, maar later teleurgesteld was met hul keuse en nou hul geld weer na die RWPF wil laat oorplaas sodat hulle die normale bedankingsvoordeel kan geniet.

Bo en behalwe die abnormale administratiewe werklas wat hierdie versoeke op die Departement van Finansies: Pensioene-Administrasie plaas, bestaan daar ook geen wetlike bevoegdheid of diskresie om aan hierdie versoeke te voldoen nie.

Lede wat die opsie oorweeg om hul aktuariële belang oor te plaas, word aangeraai om die betrokke reëls van die beoogde nuwe pensioenfonds te bestudeer om latere teleurstelling te verhoed aangesien die keuse wat by bedanking gemaak word onherroeplik is.

Bring asseblief die inhoud van hierdie omsendbrief onder die aandag van alle belanghebbendes. U samewerking in hierdie verband sal waardeer word.

HOOF: ONDERWYS
DATUM: 20/1/99



PROJEK 166-GEBOU
HANS STRIJDOMLAAN 22
PRIVAATSAK X9114
KAAPSTAD 8000

PROJECT 166 BUILDING
22 HANS STRIJDOM AVE
PRIVATE BAG X9114
CAPE TOWN 8000